



Winnie-nuus

Algemene nuusbrieff: 8 Augustus 2019

1. HOOFLEIERS VIR 2020

Die hoofleiers vir die Matriekraad is aangekondig. Baie geluk aan die volgende leerders:

Matriekraad – Hoofleiers:

Hoofseun:



Onder-Hoofseun: Zander Rosslee

Onder-Hoofseun: Inus Venter

Hoofdogter:



Onder-Hoofdogter: Carolyn de Kock

Onder-Hoofdogter: Kayla Krüger

Huisleiers:

Izaan Beyleveldt

Lucinda vd Merwe

Leané Pretorius

Lize vd Merwe

Spartane

Samurai

Vikings

Knights

2. LEERDERDEELNAME EN -PRESTASIES

Rugby – VIRSEKERBEKER KWARTFINAAL:

Die 0/15 A-rugbyspan doen dit weer. Na 'n tawwe eerste helfte teen Hoërskool Piet Retief, draf hulle as weners van die veld af met 'n telling van 17-15. Baie geluk. Hulle speel dus nou in die semifinale van die Virsekerbeker.

Ons spog ook graag met ons rugby-afrigters: Mnr. D Hanafey en mnr. J Jansen van Rensburg. Hulle is aangewys as afrigters vir die 0/16- en 0/19 Future Bulls Spanne wat in Desember na die VSA toer.

Krieket:

Baie geluk aan die krieket-spelers met die mooi uitslae teen Sutherland High School:

- Die Eerste Span wen met 99 lopies: Die uitblinkers was Wian Karsten (128 lopies), Dylan Homsby (91 lopies en 5 paaltjies) en Hector Masango (2 paaltjies).
- Die 0/14 Span wen met 30 lopies: Die uitblinkers was Nardus Jansen (59 lopies en 3 paaltjies), Divan Schmahl (32 lopies) en Mario van der Merwe (3 paaltjies).

Sagtebal:

Die Sagtebal het hul staal teen Hoërskool Hartbeespoort gewys en baie goed gevaar: Die 0/14- en 0/15-spanne verloor net-net met 5-4 en 2-0 onderskeidelik. Die Eerste Span wys egter hul krag, met 'n pragoorwinning van 11-4. Die 0/19 B-span ding mee teen Hoërskool Zwartkop en seëvier ook met 17-1.



Kaleidoskoop:

Baie dankie aan elke Wonnie wat aan die Kaleidoskoop deelgeneem het. Van beredenering by die Redenaars, tot die fynste versiering tydens die Koekversierkompetisie; 'n ligte doef-doef in die agtergrond van die "Band Bash"; 'n getokkel van kitare, viole; die sang van pragtige stemme en die lyfknoop-danse het elke Wonnie van die geleentheid 'n reuse sukses gemaak.



Skoolkoor en Emo Adams:

Die skoolkoor het op Vrydagaand, 2 Augustus, saam met Emo Adams opgetree. Die bekende en geliefde sanger en komediant het die gehoor aan die skaterlag gehad. Daarna het die skoolkoor ook op Sondag, 4 Augustus, 'n pragvertoning by die NG Overkruin-musiekfees gelever. Baie dankie aan elke koorlid.

Dans:

Danél van Tonder het aan die Wêreld-Danskampioenskappe in Engeland deelgeneem, waar sy vir die gala-aand kwalifiseer. Sy behaal 'n 1ste plek vir haar "Lyrical Group", 'n 2de plek vir haar "Lyrical Quad" en 'n 5de plek vir haar "Lyrical Solo"!

3. INTERHUIS JUJSKEI:

Die uitslae vir die Jukskei- huiskompetisie is soos volg:

1. Vikings

2. Spartane 3. Knights 4. Samurai



4. SELFONE TYDENS EKSAMEN/TOETSE:

Let asseblief weer op die regulasie, soos uitgegee deur die Department van Onderwys, wat duidelik aandui dat geen selfoon tydens 'n toets/eksamen gebruik of in die besit van 'n leerder mag wees nie. (*Regulations Pertaining to the Conduct and Management of Examination*). Indien 'n leerder met 'n selfoon gevang word, sal die foon geneem word; die leerder se antwoordstel word ook ingeneem en 'n nuwe antwoordstel uitgedeel word. Die leerder ontvang egter slegs die tyd wat nog beskikbaar is. Dit kan daartoe lei dat die leerder, nadat die saak ondersoek is, 'n 0-punt vir die toets/eksamen ontvang.

5. DETENSIE-KLAS:

Detensie-klasse word gereël as intervensie-maatreël en is deel van die dissipline stelsel van die skool. Dié detensieklas is dus 'n strafmaatreël en die dag en tyd kan nie deur die leerder verander of bepaal word nie. Indien 'n leerder nie 'n detensie-klas bywoon nie, word dit as 'n ernstige oortreding (Vlak 3) gesien, aangesien 'n intervensie nie nagekom is nie. Vlak 3 oortredings is oortreding wat tot uitsetting uit die skool kan lei.

M LEZAR
SKOOLHOOF